

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE
GEMENGDE LEER SEMINAAR
06 NOVEMBER 2018



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

in L3008 Opvoedkunde Gebou
van 09h00 – 12h45

In 2017 het die Fakulteit Opvoedkunde die Honneurs Baccalaureus in Opvoedkunde Kusus via Gemengde Leer begin aanbied. Hierdie proses was 'n leerkurwe vir baie van die personeellede betrokke, aangesien dit die eerste keer was dat hulle aan gemengde leer

blootgetsel was. Gedurende die eerste jaar van aanbieding was die fokus meestal daarop om gewoond te raak aan die tegnologie (SUNLearn)¹, maar die gevoel was later dat dit tyd geword het om meer aktief betrokke te raak by die pedagogie wat gemengde leer onderlê – vandaar die idee van 'n Gemengde Leer Seminaar in die Fakulteit.

The Vice Dean (Teaching & Learning), Faculty of Education, invites you to a "Blended Learning Day" as part of an initiative to engage with theory and practice of blended learning.

THEME: Framing Online Learning



WHEN: Tuesday, 06 November 2018

from 9h00 till 13h00

VENUE: Room 3008

Guest Speaker: Paul Prinsloo,
Professor in
Open and Distance Learning
@ UNISA

Please RSVP by Monday 29 October 2018 by completing the Google form:
<https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfOOLHG5-CpHsPxZH0gO8oM4nwtYA7ZqC1picB-ZImopiV9gg/viewform>



¹ Die Universiteit van Stellenbosch se aanlyn leerplatform

Die eerste spreker was Professor Paul Prinsloo (in die foto hierbo). Die titel van sy toespraak was “(Un)framing online/blended learning: getting the mix right”, en dit was gebaseer op die volgende vrae:

- Wat is aanlyn/gemengde leer?
- Wat beteken aanlyn/gemengde leer in die konteks van Suid-Afrika en die Globale Suide?
- Impliseer aanlyn/gemengde leer aanlyn onderrig? En impliseer aanlyn onderrig aanlyn/gemengde leer?
- Watter rolspelers dryf die aanlyn leerproses in ons opvoedkundige instansies?
- Wat is die drywers van die aanlyn leerproses?
- Hoe beïnvloed institusionele brandmure en aanlyn leerplatforms ons benaderings tot aanlyn leer en wat beteken dit vir die “unframing” van aanlyn leer?

Professor Prinsloo se aanbieding is beskikbaar by <https://www.slideshare.net/prinsp/unframing-onlineblended-learning-getting-the-mix-right>

Die tweede spreker was Dr Mary Nel, ontvanger van die Universiteit van Stellenbosch (US) se Uitmuntendheid in Onderrig Toekenning in 2017. Sy is ook Senior Lektor in die Fakulteit Regsgeleerdheid (foto hieronder);



Dr Nel het praktiese voorbeelde aangebied van hoe gemengde leer in die klaskamer toegepas kan word. Haar aanbieding was getiteld “Criminal Law 171 Video Project: Boldly going where no Criminal Law Lecturer has gone before”. Sy het verduidelik hoedat sy in 2017 ’n opsionele videoprojek bekendgestel het, waartydens studente filmuittreksels van 60 tot 90 sekondes moes inhandig. Dit moes strafregverwante konsepte, gevalle of kwessies op ’n akkurate, verbeeldingryke, vermaaklike, interessante en oorspronklike manier illustreer en verduidelik. Sy het die volgende positiewe aspekte omtrent die projek uitgelig: dit het minimale ekstra werk van die dosent geverg, aangesien dit vrywillig en studentgedrewe was; assessering was vinnig en eenvoudig; die punt toegewys was ’n alles-of-niks ekstra 2%; en die projek het studentgesentreerde, aktiewe en samewerkende leer aangemoedig.

Professor Ronelle Carolissen, Vice-Dekaan(Leer en Onderrig), US Fakulteit Opvoedkunde, het vervolgens ’n gevallestudie oor die onderrig van ’n kwalitatiewe sistematiese literatuurstudie deur gemengde leer in die Departement Opvoedkundige Sielkunde aangebied. Sy het ’n paar struikelblokke uitgewys en maniere hoe dit oorkom kan word, voorgestel. In haar samevatting het sy aangedui dat daar ’n behoefte bestaan om die ingesteldheid jeens gemengde leer te herbedink en om studieleiding op ’n andersoortige manier aan te pak, anders as die tradisionele een-op-een kontaksessies.

Me Sukaina Walji, Aanlyn Onderrig Projekbestuurder by die Sentrum vir Innovasie in Leer en Onderrig, Universiteit van Kaapstad, was die kritiese respondent. Me Walji is links in die foto hieronder, langs Professor Maureen Robinson, van die SU Fakultiet Opvoedkunde.



Me Walji het die aanbiedings en gesprekke van die dag in ses temas saamgevat. Eerstens was sy van mening dat dit 'n uitdaging was om uitdrukking ("language") te gee aan die werk van akademië rakende gemengde leer. Tweedens het sy aanbeveel dat gemengde leer op 'n sistematiese wyse benader word, en dat die verskillende rolspelers en strukture noukeurige oorweging moet geniet. Sy het derdens verwys na die kwessie van kommunikasie. Me Walji het beklemtoon dat die verskillende mites, deur Professor Prinsloo in sy aanbieding uitgewys, aangespreek moet word en aan bestuurslui oorgedra/gekommunikeer moet word. Sy het ook na die uiters belangrike rol van hulpbronne en die ontwikkeling van kapasiteit verwys. Nog 'n interessante tema hou verband met die Suid-Afrikaanse konteks: watter gemengde leer benaderings is gepas? Laastens het sy die aandag gevestig op die uitdaging van prosesse rondom die ontwerp van gemengde leer.

Die seminar was bygewoon deur verskeie SU personeellede, en was as uiters positief ervaar. Verskeie gemengde leer aspekte was uitgelig, en samewerking tussen verskillende universiteite aangemoedig.

Geskryf deur

Dr Anthea H M Jacobs

Leer en Onderrig Adviseur: Sentrum vir Onderrig en Leer / Fakulteit Opvoedkunde